

Skriflesing: Hand 28:16-31

Tema: Gelowiges getuig

So dikwels het ons verskonings om nie te getuig nie. Ons gebruik redes soos: "Dis nie nou die tyd nie." "Die situasie was nie geskik nie" of "Ek weet nie wat om te sê nie....." of "Wie is ek nou eintlik."

Oor hierdie laaste verskoning wil ek sommer dadelik sê dat Paulus Christene vervolgd en doodgemaak het. Hy was goed genoeg vir God. Dan is ons almal goed genoeg vir God.

Toe God Paulus se lewe oppad na Damaskus radikaal kom verander het, was daar eenvoudig niks wat Paulus as Geesvervulde kind van die Here kon hinder om oor Jesus Christus te praat nie! Geen situasie was vir hom rede genoeg om te swyg óf om te kerm en kla nie! Hy het die evangelie geleef. Hy is gevange geneem en verwerp deur sy eie mense wat hy liefhet en dien, ...maar ook dit laat hom nie op 'n houpie sit nie!

Paulus getuig. Kom ons leer hieruit en word hierdeur aangesteek! My gebed is dat die Gees elkeen van ons sal konfronteer en tegelyk aanvuur tot ywerige, passiewolle Christus-deurdrenkte getuienis wanneer ons ookal die kans kry.

Paulus getuig teenoor die Jode

Drie dae nadat Paulus in huisarres in Rome aangekom het, nooi hy die leiers van sy volk en getuig teenoor hulle. Paulus se nooi van die Jode sou dalk nie so indrukwekkend gewees het, as dit nie was vir sy voorafgaande ervarings met Jode nie.

Kom ons blaai 'n paar bladsye terug en kyk na sy pad tot hier saam met die Jode. In Hand 21 vind ons Paulus oppad terug Jerusalem toe. Ons lees die voorspelling van die profeet Agabus en die reaksie van die mense in Handeling 21:11-13: "Hy het na ons toe gekom, Paulus se gordel gevat, sy eie hande en voete daarmee vasgebind en gesê: "So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer." Toe ons dit hoor, het ons en die mense daar vir Paulus gesmeek om nie Jerusalem toe te gaan nie. Toe antwoord Paulus: "Waarom wil julle my hart sag maak met julle trane? Ter wille van die Naam van die Here Jesus is ek bereid om in Jerusalem nie net gevange geneem te word nie, maar selfs ook te sterwe."

Paulus verkondig nie 'n vreemde leer nie en hy verwerp nie die wet nie. Hy getuig van Jesus Christus as die opgestane Seun van God. So maklik maak ons die verskoning dat ons nie weet wat om te getuig nie. Soos Paulus moet ons getuig oor Jesus Christus. Ons elkeen het daarmee saam 'n persoonlike getuienis van ons lewens wat ons aan die Here oorgegee het. En dan het ons ook die Apostoliese geloofsbelydenis of 12 artikels waarin dit wat ons glo, saamgevat is.

Hy getuig van Jesus Christus as die opgestane Seun van God. Daarom het sy eie mense Paulus gegryp en uit die tempel gesleep. Hulle slaan Paulus. Hulle wou hom doodmaak. Die Romeinse soldate moes hom kom red. Mense bly skreeu: "Weg met Hom!" Ten spyte daarvan, vra Paulus toestemming om met die skare te praat. Hy vertel hulle van sy Damaskus ervaring. Hy vertel ook dat die Here vir Hom in die tempel in Jerusalem gesê het: "Maak gou en gaan dadelik uit Jerusalem weg. Die mense hier sal nie aanvaar wat jy oor My getuig nie." en: "Jy moet hiervandaan weggaan, want Ek wil jou ver weg stuur, na die heidene toe." (Hand 22:18 en 21)

Nou skree die skare eers: "Weg met hom! So 'n man behoort nie te bly lewe nie!" (Hand 22:22)

Ons lees in Hand 23 hoe Paulus voor Joodse raad op mond geslaan word, tog bly hy nie stil nie. Die Here sê vir hom in Hand 23:11: "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen."

Dit is nog nie die einde nie. So maklik gooi die Jode nie tou op nie. Nou volg 'n komplot om Paulus dood te maak. Veertig Jode sweer om nie te eet of te drink voor Hy dood is nie. Hulle soek en kry die samewerking van die Joodse Raad, die priesterhoofde en die familiehoofde. Die Here fnuik hulle planne as Paulus se suster se seun hulle hoor praat en hy vir Paulus gaan waarsku.

Paulus, as gevangene, verskyn voor Feliks, die goewerneur en word deur die hoëpriester Ananias en paar familiehoofde aangekla: "Ons beskou hierdie man as 'n gevaar vir die samelewing. Hy bring skeuring in die Joodse geleedere dwarsdeur die wêreld. Hy is 'n leier van die dwaalrigting van die Nasareners. Toe hy probeer het om selfs die tempel te ontheilig, het ons hom gevange geneem." (Hand 24:5-6)

Twee jaar later is daar 'n nuwe goewerneur en die priesterhoofde en leiers van die Jode bring weer 'n aanklag teen Paulus: "Die priesterhoofde en die leiers van die Jode het voor hom verskyn en 'n aanklag teen Paulus ingebring. Hulle het hom ernstig versoek om hulle 'n guns te bewys en Paulus na Jerusalem toe te laat haal. Hulle het dit gevra omdat hulle hom op pad daarheen in 'n hinderlaag wou doodmaak. (Hand 25:2-3)

Paulus beroep hom op die keiser. Oppad na keiser toe, wat doen hy? Hy getuig. Vir koning Agrippa sê hy: "Omdat God my tot vandag toe bewaar het, staan ek hier as sy getuie voor klein en groot. Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het: Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring." (Hand 26:22-23)

In Hand 28 vind ons Paulus in Rome, by die keiser. Hy is in huisarres en wat doen Hy? Hy getuig onder die Jode: "Drie dae later het hy die Joodse leiers na hom toe uitgenooi. Toe hulle bymekaargekom het, het hy vir hulle gesê: "Broers, ek het niks teen ons volk of teen die gebruike van ons voorvaders gedoen nie, en tog is ek in Jerusalem gevange geneem en aan die Romeine uitgelewer." (Hand 28:17)

Net so terloops, die feit dat die Jode geen brief van Judea ontvang het nie, dui daarop dat Paulus se aanklaers besef dat hulle nie 'n saak teen Paulus het nie! Die Jode in Rome sê: "Ons wil graag hoor wat u dink." Paulus laat nie die kans verbygaan nie: "Hulle het toe 'n datum met hom afgespreek, en op daardie dag het daar nog meer mense na die plek toe gekom waar hy gebly het. Van vroeg die môre tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus." (Hand 28:23)

Dis Christus voor en agter, tydig en ontydig ...dis sy passie, sy lewe!

Die reaksie verbaas nie. Daar is sommige wat tot insig kom deur die Gees en daar is ander wat verhard wegdraai. Let op hoe Lukas dit stel in Hand 28:24: "... ander wou nie glo nie."

Ons verloor so maklik moed met die moeilike ou in gemeente, wyk of werk wat nie luister nie. Ons moet nie so gou moed verloor met mense nie.

Kom ons leer by Paulus. Al skinder hulle oor jou, slaan hulle jou, al smee hulle komplotte om jou dood te maak of al kom almal nie tot geloof nie, moenie ophou nie, bly getuig!

Paulus getuig ook teenoor die heidene

As die Jode nie wil hoor nie, maak dit nie Paulus stil nie. Hy is vasbeslote om die evangelie aan die heidene te bedien! Dit is tog tog waarheen God hom spesifiek stuur. Hy het al 10 jaar tevore in sy brief aan die Romeine geskryf dat die evangelie inderdaad 'n krag is tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood maar ook die nie-Jood. (Rom1:16). Hoor wat sê Paulus sal die heidene se reaksie wees (v.28): "Hulle sal luister." Die vorm van die werkwoord beklemtoon sekerheid.

Hy begin sommer getuig teenoor die soldate wat hom oppas. Hardebaard, growwe, gewetenlose soldate wat glad nie geïnteresseerd is nie, maak hom nie stil nie.

Dis ook hier in huisarres waar Paulus waarskynlik van die briewe aan die Efesiërs, Filippense, Kolossense, 1 Timoteus, Titus en Filemon skryf.

In die huis waar hy gevangene is, sit Paulus nie en kry homself jammer nie. Vir die 2 jaar wat hy daar is, word dit 'n evangeliesasiesentrum: "Paulus het 'n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het en hy het almal ontvang wat hom kom besoek het. Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verandering. (Hand 28:30-31). So het evangelie van Jerusalem tot by Rome, die hoofstad van die destydse bekende wêreld versprei.

Onder leiding van die Heilige Gees het die Here vir Paulus, Petrus, Stefanus, Johannes en Jakobus gebruik vir Sy werk. Hy het handelaars, reisigers, slawe, tronkbewaarders, Jode, heidene en ryk en arm gebruik om die evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld te versprei. En God het deur hulle, met die boodskap van die Here Jesus Christus as lewende Verlosser, die wêreld verander.

Afsluiting

Die tyd van die apostels, as ooggetuies van Jesus se lewe op aarde is verby. Vandag skryf God deur ons die Handeling van Kraggakamma gemeente.

God rus vandag steeds elkeen van ons toe met sy Heilige Gees.

Hy stuur steeds vir ons om die evangelie van Jesus Christus te verkondig en te leef, sodat almal tot aan die uithoeke van die wêreld dit kan sien, hoor en, as die Here wil, tot geloof kan kom.

Amen